PETRUS J. GRÄBE

*DER NEUE BUND IN DER FRÜHCHRISTLICHEN LITERATUR UNTER BERÜCKSICHTIGUNG DER ALTTESTAMENTLICH-JÜDISHEN V0RAUSSETZUNGEN.*
*Forschung zur Bibel 96*

2001. Wüzburg: Echter. x + 246pp. ISBN 3-429-02247-9.

In hierdie monografie bied die outeur 'n oorsig oor die term en konsep van verbond in baie korpora van verskeie tydperke. Die eerste hoofstuk handel oor die Ou-Testamentiese voorveronderstellings van die gebruik van die konsep van verbond soos weerspieël in die Nuwe Testament. Dit bespreek definisies en vertalingsweergawes van die woord en bied 'n oorsig oor die behandeling van die konsep in Ou-Testamentiese teologieë. Hoofstuk twee bespreek die woorde "nuwe verbond" in die vroeg-Judaisme, veral in Filo. Vier hoofstukke behandel die "nuwe verbond" in die Nuwe Testament, eers in die Jesus-tradisie volgens die Sinoptiese Evangelies, dan agtereenvolgens die Pauliniese korpus, Hebreërs en die Johanneïese geskrifte. Hoofstukke 1 en 8 dek die term se gebruik onderskeidelik in die Griekse Christelike skrywers en die Siriese tradisie. Die volgende hoofstuk analiseer die rol van die konsep "nuwe verbond" in die definiëring van die Christelike identiteit in die vroegste konfrontasie met die Jode. Die verhouding tussen die konsepte van eerste en nuwe verbond word ook bespreek. Die laaste twee hoofstukke bespreek die rol van die term in die geskiedenis van die teologie en raak die verhouding tussen die twee Testamente aan en maak dit toepaslik vir die hede.

Die skrywer het daarin geslaag om 'n magdom materiaal oor die term "verbond" oor baie eeue en situasies aan die orde te stel wat vir Dogmatiek, Patristiek, en Ou- en Nuwe Testamentiese Teologie ophelderend kan wees.

Prof. S.J.P.K. Riekert
Hoof: Departement Bybelkunde
Fakulteit Teologie
Universiteit van die Vrystaat.